# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

# PhD (04260004)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 2 jaar |
| **Totale krediete** | 360 |

## Programinligting

Indien toegelaat, mag ’n student dadelik vir die DPhil-program registreer. Daar moet vir die volgende twee of drie modules geregistreer word, en dit moet binne een jaar vanaf registrasie voltooi word:

**1. Navorsingsmetodologie (RHP 902) wat deur die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word**
Die Nagraadse Komitee van die Fakulteit Regsgeleerdheid mag op aanbeveling van die promotor, ’n student van die navorsingsmetodologiemodule vrystel indien die student genoegsame bewys kan lewer dat hy/sy oor die nodige navorsingsvaardighede vir die doeleindes van nagraadse studie beskik.

**2. Navorsingsvoorstel en verdediging van die navorsingsvoorstel (RHP 904)**
’n Mondelinge verdediging van die navorsingsvoorstel insluitende die toetsing van die geldigheid van die proefskrifstelling, navorsingsvraag of -vrae en argument wat in die DPhil-proefskrif ontleed en ontwikkel sal word. ’n Konsep van die navorsingsvoorstel met inbegrip van ’n bibliografie wat die hoofvelde van die studie dek, asook die gronde vir die proefskrifstelling, navorsingsvraag of -vrae en argument moet minstens drie weke voor die mondelinge verdediging aan die beoordelingspaneel gestuur word. (Die konsepvoorstel moet deur die promotor goedgekeur word voordat dit aldus voorgelê mag word.) Die student moet die paneel oortuig van die geldigheid van die navorsingsonderwerp, kennis oor die navorsingsonderwerp en vermoë om die navorsing te onderneem. Waar die paneel dit verg, moet die voorgelegde konsepnavorsingsvoorstel verder gewysig word in die lig van die kommentare tydens die verdediging daarvan en deur die toesighouer goedgekeur word, voordat die student mag voortgaan met die skryf van die proefskrif. (Geen vrystelling kan van hierdie vereiste verleen word nie.)

’n Student wat nie aan bogenoemde twee modules se vereistes voldoen binne een jaar van registrasie nie, kan van die Fakulteit uitgesluit word. Indien hy/sy hertoelating tot die Fakulteit verlang, kan die Dekaan skriftelik versoek word om sy/haar aansoek om hertoelating tot die Fakulteit ingevolge die voorgeskrewe prosedure te oorweeg.

**3. Gestruktureerde Navorsingsvoorstel Voorbereiding (RHP 906) (nie-kredietdraend)**
Die promotor mag vereis dat ’n bepaalde student ’n gestruktureerde program volg wat deur die promotor bepaal word en deur die Nagraadse Komitee goedgekeur word. Die promotor mag ook die voldoeningsvereistes vir die module, soos deur die Nagraadse Komitee goedgekeur, voorskryf.

Sien ook Algemene Regulasies G.42-G.56.

## Toelatingsvereistes

**Toelatingsvereistes**

Onderhewig aan die bepalings van die toepaslike Algemene Regulasies, moet ? kandidaat vir die PhD-program oor ten minste ‘n MPhil-graad of gelykstaande graad, beskik.

Indien van toepassing moet ? kandidaat by SAQA aansoek doen vir evaluering van hulle buitelandse kwalifikasie.

Die Fakulteitsraad mag vrystelling van bogenoemde voorwaardes toestaan.

? Kandidaat vir die PhD-program moet ? geskrewe portefeulje voorlê wat bestaan uit die MPhil mini-verhandeling/verhandeling en/of ander onlangse navorsingsgebaseerde skripsies, werkopdragte of soortgelyk, asook ? motiveringsbrief en ? voorlopige navorsingsvoorstel (800 woorde beskrywing van die voorgestelde navorsingsveld wat die navorsingstema aandui, die breë omvang van die voorgestelde studie, ? tentatiewe navorsingsprobleem en ? aanduiding van hoe die voorgestelde doktoraal sal bydra tot die kundigheid in die toepaslike studierigting).

? Kandidaat sal slegs tot die PhD-program toegelaat word indien hy/sy ‘n gemideld van ten minste 65% (of gelykwaardig aan hierdie punt) vir die verhandeling/mini-verhandeling van die voorafgaande magistergraad (of gelykstaande graad) behaal het. Indien ? gemiddeld van laer as 65% behaal is, mag die student toegelaat word op aanbeveling van die toepaslike departementshoof na konsultasie met die potensiële promotor(s) en inagneming van ander faktore, insluitend toepaslike werkervaring, ander akademiese kwalifikasies en enige toepaslike professionele toelatingseksamen.

‘n Kandidaat sal slegs toegelaat word tot die PhD-program indien die Fakulteit ? geskikte promotor kan verskaf gebaseer op die kandidaat se voorlopige navorsingsvoorstel en geskrewe portefeulje. Indien die potensiële promotor nie tevrede is met die voorlopige navorsingsvoorstel nie, moet die potensiële promotor die kandidaat help met die ontwikkeling en formulering van ? navorsingsvoorstel voordat ? finale besluit oor toelating tot die program geneem kan word.

Indien ? potensiële promotor nie ? kandidaat aanvaar nie vir ? rede anders as ? gebrek aan kapasiteit (huidige lading as promotor of gebrek aan toepaslike kundigheid), mag die Dekaan op advies van die Nagraadse Komitee toepaslike riglyne gee aan die betrokke Departementshoof (soos om die insette van ? onafhanklike kundige te verky) voordat ? finale besluit geneem word.

Die Dekaan, op advies van die Nagraadse Komitee mag ? kandidaat adviseer om te registreer vir die MPhil: Navorsingsprogram in plaas van die PhD-program.

## Addisionele vereistes

Behoudens die bepalings van die toepaslike Algemene Regulasies, moet ’n kandidaat vir die DPhil-program in besit wees van ’n MPhil-graad of gelykwaardige kwalifikasie.

Buitelandse kwalifikasies is onderworpe aan SAQA-evaluering.

Die Fakulteitsraad mag vrystelling van bogenoemde bepalings verleen.

’n Kandidaat sal slegs tot die DPhil-program toegelaat word, indien hy/sy voldoen aan die standaard van bekwaamheid in toepaslike vakke soos deur die departementshoof bepaal, met inagneming van die kandidaat se akademiese rekord en enige toepaslike ondervinding.

’n Kandidaat sal slegs tot die DPhil-program toegelaat word, indien die Fakulteit ’n geskikte promotor kan voorsien in die lig van die aansoeker se voorlopige navorsingsvoorstel.

## Slaag met lof

**Proefskrif en artikel**
Die DPhil-graad word toegeken op grond van ’n proefskrif en ’n mondelinge verdediging van die proefskrif. Die onderwerp van die proefskrif moet ’n onderwerp relevant tot ’n studieveld uit die regsgeleerdheid wees, soos deur die Dekaan goedgekeur. (Sien die toepaslike Algemene Regulasie vir die finalisering van die proefskrif.) Die

finale kopie van die proefskrif moet vergesel wees van bewys van inhandiging van ’n artikel by ’n geakkrediteerde joernaal. Die artikel moet gebaseer wees op die navorsing wat die student gedoen het, en goedgekeur wees deur die promotor.

**Ooreenkoms**

’n Skriftelike ooreenkoms moet tussen die student en die promotor onderteken word. Die dokument dien as basis vir die interaksie tussen die student en die promotor. Dit dui op hulle afsonderlike rolle, verantwoordelikhede en verwagtinge en stel dit duidelik dat hulle ’n bindende ooreenkoms met mekaar aangaan. Die promotor dra volle verantwoordelikheid om toe te sien dat die proefskrif behoorlik deur die kandidaat voorberei word.

**Mondelinge verdediging**

Na die ontvangs van die verslae van die eksterne eksaminatore, moet die promotor ’n mondelinge verdedigingsgeleentheid onder voorsitterskap van die betrokke departementshoof reël, waartydens daar van die kandidaat verwag word om ’n voordrag ter verdediging van die proefskrif te lewer.

# Kurrikulum: Jaar 1

## Kernmodules

### Proefskrif: Regsgeleerdheid 990 (DPI 990)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 360.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Regsgeleerdheid Dekaanskantoor |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

### Navorsingsmetodologie 902 (RHP 902)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 5.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 40 seminare |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Regsleer |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 en Semester 2 |

**Module-inhoud**

(a) Beplanning en organisering van ’n navorsingsprojek (b) Konsep navorsingsvoorstel: Hipotese en navorsingsvraag (c) Teorie in navorsing en metodologiese benaderings tot regsnavorsing (d) Taal (e) Verwysing en die etiek van verwysing (f) Konsephoofstukke en afronding (g) Substantiewe temas en regsnavorsing

### Navorsingsvoorstel en mondelinge verdediging van die navorsingsvoorstel 904 (RHP 904)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 5.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Regsgeleerdheid Dekaanskantoor |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Navorsingsvoorstel en mondelinge verdediging van die navorsingsvoorstel. ’n Konsepvoorstel moet deur die studieleier goedgekeur word. Die student moet die paneel oortuig van die geldigheid van die navorsingsonderwerp. Dit moet in die eerste jaar van studie afgehandel word voordat ’n student mag voortgaan met die skryf van die proefskrif.

# Kurrikulum: Finale jaar

## Kernmodules

### Proefskrif: Regsgeleerdheid 990 (DPI 990)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 360.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Regsgeleerdheid Dekaanskantoor |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.